# 6. DIE VOORBIDDER (Deel 3 vervolg)

## *3. Om die invloed van sonde te hanteer (vervolg)*

Een van die mees belangrikste invloede van sonde op die lewe van ‘n kind van God is: ‘n vals identitet of “weeskind” ingesteldheid, as gevolg van skaamte, spyt, skuldgevoelens, veroordeling, lae selfbeeld, waardeloosheidskompleks wat lei tot prestasie en werkverrigting en ook eie inspanning, in plaas van om deur die Heilige Gees gelei te word. Dit loop oor in “weeskind” tipe gebede, en nie gebede wat kom vanuit ons identiteit as die “geregtigheid van God in Christus Jesus nie.”

Somtyds kan ons ook dubbelsinnig wees, want ons verklaar dat ons die geregtigheid van God in Christus Jesus is, maar in dieselfde asem verklaar ons ook dat ons steeds sondaars is. Dit veroorsaak verwarring en onsekerheid in God se teenwoordigheid, en dit lei gewoonlik tot ‘n kragtelose en afvallige gebedslewe. Om in Christus te wees, beteken: om regverdig voor God te wees.

Ons kan slegs ons nuwe identiteit en posisie in die Here ontvang deur geloof en met ‘n nederige hart. Nederigheid is om met God saam te stem, en nederigheid is ‘n kenmerk van ‘n voorbidder. Nederigheid maak ons vry van prestasie en werkverrigting en ook van die skeiding van God se oordadige liefde. Dit bemagtig ons om dapper en met vrymoedigheid die geestelike vodde van ‘n “weeskind” te verruil vir die koninklike kledindstukke geregtigheid (regverdigheid) wat ons as kinders van God ontvang het met ons redding.

Kolossense 2 verskaf goue sleutels wat ons verander vanaf ‘n “weeskind” na ‘n kind van God, ons omhels die waarheid dat ons volkome verenig is met die Vader, Seun en Heilige Gees. Ons doen voorbidding vanuit ‘n plek van eenheid met die Heilige Drie-Eenheid, met gedagtes en ‘n hart wat met Syne ooreenstem.

**Kolossense 2: 6-7 & 10 & 13-15**

6 “Soos julle dan Christus [selfs] Jesus, die Here, aangeneem het, wandel [kontroleer dan self julle lewens en gedrag] so in Hom [in eenheid en ooreenstemming met Hom].

7 Gewortel [in jou wese ferm en diep geplant] en [voortdurend] opgebou [onbeweeglik, onbuigsaam gevestig] in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging.

10 En julle [is volgemaak] het die volheid [van die lewe] in Hom [Christus – jy is ook gevul met die Heilige Drie-Eenheid – Vader, Seun en Heilige Gees – en bereik volle geestelike gestalte] Wie die Hoof is van alle owerheid en mag [van elke engelagtige owerheid en mag];



Indien anders vermeld word alle Skrifgedeeltes aangehaal uit:
Die Afrikaanse Ou Vertaling 1956 en Die Nuwe Lewende Vertaling 2008

[13]En julle wie dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees [julle sensualiteit, julle sondige wêreldse natuur] het Hy [God] saam met Hom [Christus] lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade [vrywilliglik] vergeef het.

[14]En die [handgeskrewe nota, gevangenskap] skuldbrief teen ons, wat met sy [wettige] insettinge [en bevele (opdragte) wat van krag was] ons vyandig [teen ons gestaan het] was, uitgedelg [gekanselleer, uitgewis] en [geheel en al uit die] weggeruim [eenkant toe geskuif] het deur dit aan die [Sy] kruis vas te nael.

[15]Nadat Hy [God] die owerhede en magte [wat teen ons opgestel was] uitgeklee en hulle in die openbaar [‘n voorbeeld van hulle gemaak het] [hulle opsigtelik] tentoongestel en daardeur oor hulle [in Hom en in die kruis] getriomfeer het.”

Dus kan ons sien dat Jesus vir eens en altyd met die beskuldigings teen ons afgereken het.

**1 Johannes 5:4**

[4]Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.

**Romeine 8:17**

[17]En as ons [Sy] kinders is, dan ook [Sy] erfgename, erfgename van God en mede-erfgename [ons deel Sy erfporsie met Hom] van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

**Verklaring en Gebed om jou Identiteit in Christus te Bevestig:**

“Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus, en ek verklaar dat ek ‘n koninklike identiteit in Christus het, want ek is ingeënt in Christus die ware Wingerdstok. Ek is naatloos verenig met die Heilige Drie-Eenheid, en ek het die gesindheid van Christus. Ek is ‘n oorwinnaar, Ek is gewortel en geplant in Christus Jesus, en ek is opgebou in Hom. Ek verbeter voortdurend, en is bevestig en gevestig in die geloof, en ek loop oor van dankbaarheid in my hart teenoor God. In Christus is ek vervuld en het die volheid van lewe. Ek is gevul met die Heilige Drie-Eenheid: Vader, Seun en Heilige Gees om die volle geestelike gestalte te bereik.

Ek verklaar dat my God die Hoof is van alle regerings en geestelike gesag (outoriteit) en Hy is binne my, en ek is binne-in Hom. My sondige, wêreldse natuur is saam met Christus Jesus gekruisig; ek is vergewe, opgewek in die lewe saam met Christus en sit saam met Hom in hemelse plekke. Alle handgeskrewe dokumente verkry om my te beskuldig, alle wetlike uitvaardigings en bevele wat teen my gestaan het, is uitgewis. Jesus het die beskuldigings totaal en al uitgevee en dit uit die weggeruim, deur dit aan die kruis vas te nael. Dankie, Abba, Vader!



Indien anders vermeld word alle Skrifgedeeltes aangehaal uit:
Die Afrikaanse Ou Vertaling 1956 en Die Nuwe Lewende Vertaling 2008

Vader, ek gee die kopie oor wat ek in my geheue gebêre het van al my sondes en foute wat ek in my verlede gepleeg en begaan het. Ek gee my valse “weeskind” identiteit op, en ek ontvang my volle gedeelte, my volle erfporsie in Christus. Ek verklaar dat ek nie langer ‘n slaaf van die sonde of vrees is nie, maar ‘n mede-erfgenaam met Christus.

Ek vra dat U my nuwe openbaringskennis gee van my identiteit in U, sodat ek myself in die Gees, in Christus Jesus akkuraat in posisie kan stel. Dankie dat U dit vir my moontlik gemaak het om ‘n oorwinnaar te wees, oor die wêreld en al sy begeertes.

Ek is ‘n koninklike priester en koning, geroep om saam met Christus Jesus te regeer en te heers, deur die bloed van die Lam, Wie geken was voor die grondlegging van die aarde af en gesterf het en opgewek is, dit is wie ek geskape is om te wees! Vol van blydskap en gewilliglik verneder (verootmoedig) ek myself voor U en ontvang my erfporsie, in die Here Jesus Christus.  Amen.”



Indien anders vermeld word alle Skrifgedeeltes aangehaal uit:
Die Afrikaanse Ou Vertaling 1956 en Die Nuwe Lewende Vertaling 2008